# Lesing 29.03.2018 - DEEL 4 - Dogter van Sion - Is daar nog so `n huis in die RSA?

Ons gaan vanoggend weer terug na die gebeure wat by die Dogter van Sion afgespeel het tussen die jare 1998 en 2002:
(Vanuit Die Boek van Herinnering)

Die gelykenis van die onvrugbare vyeboom

*Luk 13:6 EN Hy het hierdie gelykenis uitgespreek: 'n Man het 'n **Vyeboom** gehad wat **in Sy Wingerd** geplant was, en Hy het gekom en **vrugte** aan Haar gesoek en niks gekry nie. [JeshaJaH 27:3; 38:21]*

*Luk 13:7 Toe sê Hy vir die **Tuinier**: Kyk, **drie jaar** kom Ek om vrugte aan hierdie Vyeboom te soek en Ek kry **niks** nie; **kap Haar uit**. Waarvoor maak Sy die Aarde nog onvrugbaar?*

*Luk 13:8 Maar Sy antwoord en sê vir Hom: Meester, laat Haar **nog hierdie jaar staan** totdat ek om Haar gespit en mis gegooi het. [JeshaJaH 48:9]*

*Luk 13:9 As Sy dan vrugte dra, goed; maar so nie, dan kan U Haar anderjaar uitkap.*

**Genesing van 'n dogter van Abraham**

*Luk 13:10 EN Hy was besig om op die Sabbat in een van die vergaderings te leer.*

*Luk 13:11 En daar was 'n **vrou** wat 'n **gees van krankheid agttien jaar lank** gehad het, en sy was inmekaargetrek en glad **nie in staat om regop te kom** nie.*

*Luk 13:12 En toe JaHWèshua haar sien, roep Hy haar en sê: **Vrou, jy is van jou krankheid verlos**.*

*Luk 13:13 En Hy het haar die hande opgelê, en onmiddellik het sy regop gestaan en Elohim vereer.*

*Luk 13:14 Maar die owerste van die vergadering, wat verontwaardig was dat JaHWèshua op die Sabbat genees het, antwoord en sê vir die skare: Daar is ses dae waarop 'n mens behoort te werk; kom dan op dié dae en laat julle genees en nie op die Sabbatdag nie.*

*Luk 13:15 Toe antwoord die Meester hom en sê: Jou vals tweegesig, maak elkeen van julle nie **op die Sabbat** sy os of esel van die krip los en lei hom weg om hom te laat drink nie? [Openbaring 12:14]*

*Luk 13:16 Maar hierdie vrou wat 'n **dogter van Abraham** is, wat die Satan - dink daaraan! - **agttien jaar** lank gebind het, moes sy nie van hierdie band op die Sabbatdag verlos word nie?*

*Luk 13:17 En toe Hy dit sê, het al sy teëstanders beskaamd geword, en die hele skare was bly oor al die glorieryke dinge wat deur Hom gebeur het.*